REEKS

DIE BYBEL in 'n neutedop

Ester

—deur Peter Hammond

Ester se agtergrond

Ester is die oorspronklike, werklike lewende inspirasie vir die Aspoestertjiesprokie. Ester het in armoede grootgeword, was van nederige en onbeduidende afkoms. Omdat haar ouers oorlede is, het haar ouer neef, Mordegai, wat 'n poortwag van die Persiese paleis by Susan was, haar grootgemaak. Ester verskaf 'n skakel in God se plan van verlossing, 'n belangrike hoofstuk in die geskiedenis van die volk deur wie die Messias gekom het. Die naam Ester beteken 'ster' en sy het voorwaar 'n sterre-aandeel in die konstellasie van God se volk gespeel.

"Wie weet, miskien is dit juis met die oog op 'n tyd soos hierdie dat jy koningin geword het!" **Ester 4:14**

Kolossale konflik

Die historiese konteks van Ester is een van die beroemdste hoofstukke in wêreldgeskiedenis. Ahasveros (Xerxes), die koning van Persië, het op die punt gestaan om sy befaamde inval in Europa te loods. Sy vader, Darius I, is by die Slag van Marathon deur die Grieke verslaan. Die groot fees wat in Ester 1 beskryf word, is gehou vir die beplanning van die veldtog teen Griekeland wat in die derde jaar van Ahasveros se bewind plaasgevind het.

Die tydperk in perspektief

Hoewel die boek Ester ná die boek Nehemia in die Bybel voorkom, het die gebeure wat in Nehemia opgeteken is, in werklikheid eers dertig jaar nadat Ester as koningin gekroon is, plaasgevind.

Die inval in Griekeland het onmiddellik ná hoofstuk 1 van Ester plaasgevind. Hoofstuk 2 begin met die woord: *"Later..."* Ahasveros is vier jaar nadat Vasti onttroon is en twee jaar nadat sy leër in Griekeland verslaan is, met Ester getroud is. Ester was 13 jaar lank die koningin van Persië.

Ester het baie jare lank nog geleef, tot die heerskappy van haar stiefseun, Artaxerxes, onder wie se bewind Nehemia die mure van Jerusalem herbou het. Dit was sonder twyfel Ester en Mordegai se invloed wat daartoe gelei het dat Nehemia die steun van Artaxerxes ontvang het vir die herbouing van Jerusalem se mure.

Die boek Ester leer ons om gereed te wees om vir die geloof te stry deur die goeie stryd te stry en gereed te wees om die praat wanneer ons nie durf swyg nie.

Oorlog teen die Grieke

Ahasveros se magtige Persiese leër is deur die 300 dapper Spartane by Thermopulai gestuit. Ahasveros het Atene afgebrand, maar is toe in 480 v. C. deurtastend by die Slag van Salamis verslaan. Met sy vloot se voorraadskepe vernietig, moes Ahasveros noodgedwonge uit Europa onttrek.



Arrogansie van Haman

Haman, die seun van Hammedata, die Agagiet, was bo alle ander prinse bevorder. Haman het verwag dat almal voor hom moet buig. Mordegai sou egter nie hulde aan enige mens betoon nie. ***"[Haman is] met woede vervul... Daarom het Haman daarna gesoek om al die Jode wat in die hele koninkryk van Ahasveros was, die volk van Mordegai te verdelg."*** **Ester 3:5-6 (1933-vertaling).**

Haman was in sy eer gekrenk en het 'n haat ontwikkel wat tot 'n onversadigbare behoefte aan wraak gegroei het. Haman wou die koning mislei om sodoende toestemming te bekom om al die Judaïete in die koninkryk om die lewe te bring. Hoogmoed, gewortel in selfsug, kan tot haat, wraak en moord lei. Wat Haman nie toe kon sien nie, was dat die finale gevolg van sy wraaksugtige hoogmoed tot sy eie ondergang sou lei.

God en Sy volk

Hoewel baie in Israel kon voel dat God tydens hulle gevangenskap geswyg het, was dit duidelik dat God met hulle was, selfs in ballingskap in Babilonië en Persië. Toe die tempel geslote was, het God steeds oor Sy volk gewaak. Terwyl die konings van die aarde fees gevier het en vergeet het, het God dit in herinnering gehou en met Sy eie hand hulle ondergang uitgeskryf, of hulle deur hulle eie handewerk volgens Sy volmaakte wil laat handel.

Wispelturigheid van Ahasveros

Die verhaal begin in die derde jaar van Ahasveros se bewind, in sy winterhoofstad, Shushan (Susan). Vir 180 dae lank het hy 'n konferensie gehou met sy amptenare, ongetwyfeld as voorbereiding vir die komende inval in Europa.

Daarna het hy sewe dae lank fees gevier. Ahasveros het koningin Vasti beveel "om haar skoonheid aan die volke en die vorste te toon." Koningin Vasti het geweier om voor dronk mans te paradeer. Hier sien ons die wispelturigheid van Ahasveros toe hy sy raadgewers toelaat om hom te oortuig om die koningin summier te onttroon en te verban.

Die Skrif waarsku ons: *"Wyn maak jou ligsinnig, drank laat jou lawaai maak; niemand wat van dronkenskap slinger, is verstandig nie."* Spreuke 20:1. *"Dit pas konings nie om te drink nie...dit pas mense met gesag nie om hulle aan drank oor te gee nie."* Spreuke 31:4. Hoeveel ondeurdagte en dwase besluite is deur individue gemaak terwyl hulle dronk is, besluite wat hulle nooit sou neem as hulle nugter was nie?

Ná die rampspoedige nederlaag van Ahasveros se magte in Europa het die koning se dienaars 'n nasionale skoonheidskompetisie voorgestel. *"Laat hulle vir die koning jongmeisies soek wat mooi van aansien is...in al die provinsies van sy koninkryk...En die jongmeisie wat die koning geval, moet in die plek van Vasti koningin word."* Ester 2:2-4 (1933-vertaling).

Ester moes 'n dapper standpunt inneem om die koning so ver te kry om haar volk te beskerm.

Uitsonderlike skoonheid

Die Skrif vertel dat Ester *"skoon van gestalte en mooi van aansien"* was. Ester 2:7. Nadat Ester twaalf maande se skoonheidsvoorbereidings voltooi het, was sy gereed om voor die koning te verskyn. *"Sy het 'n goeie indruk gemaak op almal wat haar gesien het."* Ester 2:15. Ons lees: *"Die koning het meer van Ester gehou as van enigeen van die ander vrouens en hy was meer in sy skik met haar as met enige ander jongmeisie. Hy het toe die kroon op haar kop gesit en haar koningin gemaak."* Ester 2:17.

Advies van Mordegai

Toe Mordegai van die bevel hoor om al die Jode in die koninkryk om die lewe te bring, het hy rouklere aangetrek, as op sy kop gestrooi en die koningin ingelig: *"As jy nóú swyg en daar kom van 'n ander kant af uitkoms en redding vir die Jode, sal jy en jou familie omkom. Wie weet, miskien is dit juis met die oog op 'n tyd soos hierdie dat jy koningin geword het!"* Ester 4:13-14.

Ester het Mordegai se raad ter harte geneem en ná baie gebed, besluit om die koning te nader. Sy moes versigtig te werk gaan, omdat sy met onheilspellende en »

DIE BYBEL
in 'n neutedop
Ester

God gebruik individue.
God bewaar Sy mense.
God gryp in in geskiedenis.

Ester se moed

Ester het Mordegai se uitdaging en advies aanvaar. Ons sien haar beslistheid, haar vasberadenheid en manmoedige optrede. Sy het die volk tot gebed gemobiliseer. Sy was gewillig om haar lewe te waag deur Ahasveros (Xerxes) te nader sonder dat hy haar ontbied het. Omdat sy geweet het hoe wispelturig Ahasveros kon wees, en onthou het hoe hy Vasti onttroon het omdat sy nie gekom het toe hy haar ontbied het nie, het Ester geweet die straf vir enigeen wat ongenooid voor die koning verskyn, onmiddellike teregstelling kon beteken. Tog het sy beslis dat selfs al was dit teen die wet, sy na die koning sou gaan en "as ek omkom, dan kom ek om." Ester 4:16 (1933-vertaling).

Die erkenning van haar groot skoonheid, het Ester nie aangetas nie, ook nie haar kroning as koningin van die grootste koninkryk van haar leeftyd nie. Sy het nie toegelaat dat luukshede haar na selfsug dryf nie. Sy was gewillig om alles op die spel te plaas, selfs haar lewe, om haar plig na te kom. Niemand kon voorspel wat die wispelturige monarg sou doen nie, maar Ester was vasbeslote om haar plig na te kom, ongeag die koste daaraan verbonde. Ester is 'n pragtige voorbeeld van nederigheid, beskeidenheid, gehoorsaamheid, moed, lojaliteit en standvastigheid.

sterk magte te doen gehad het. Toe koningin Ester Ahasveros se uitgestrekte septer en sy warm aanbod om haar te gee wat sy ook al vra, ontvang, het sy dus verstandig en vreesloos, bloot gevra dat Haman en die koning hulle by haar sal aansluit vir aandete.

Gevolge van keuses

Daardie nag kon die koning nie slaap nie; daarom het hy een van sy dienaars gevra om die kronieke van die koninkryk aan hom voor te lees. Toe Ahasveros daarin herinner is dat Mordegai hom gewaarsku het teen die sameswering om hom te vermoor, het met iemand aan wie die koning baie graag eer wil bewys?" Haman, uiters ydel, het in sy hart gedink: "Aan wie anders as aan my sou die koning eer wou bewys?" 'n Mens kan jou Haman se skok, skaamte en verwarring indink toe die bordjies verhang word en hy vind dat hy verplig is om Mordegai, wat hy gehaat het en wou vermoor, te eer – om sy vyand op die wyse te eer as wat hy gehoop het om self vereer te word. Hoogmoed kom tot 'n val.

Katastrofiese nagevolge

Die koning en Haman het saam met koningin Ester aandete gaan nuttig. Die koning het gevra: "Wat is dit wat jy wil vra? Dit sal vir jou gegee word." Koningin Ester antwoord toe: "Laat my en my volk toe om te bly lewe. Ek vra dit, want ons...is verkoop om voor die voet uitgeroei te word." Ahasveros het aangedring: "Wie is dit wat so iets beplan, en waar is hy?" en Ester het geantwoord: "Die teëstander en vyand is hierdie lae mens, hierdie Haman." Toe het hulle Haman aan die galg opgehang wat hy vir Mordegai voorberei het (Ester 7:9-10).

Ons sien die katastrofe van 'n bose karakter en die hoogtepunt van 'n sterk karakter. Wat Hamman as 'n groot slagting van God se volk beplan het, is tot 'n yslike oorwinning vir God se volk omskep en in 'n katastrofiese nederlaag vir die Agagiete. Dit waarin koning Saul honderde jare gelede misluk het, om met die Agagiete af te reken, het amper tot die vernietiging van God se volk gelei.

Daar is drie feeste in die boek Ester: die fees van Ahasveros, die fees van Ester en die Purimfees wat op die 14de en 15de Maart gevier word, waartydens Ester gelees word. Hoewel die volk God versaak het, het Hy hulle gespaar.

Ons maai wat ons saai

Die boek Ester wys ons op die verganklike aard van aardse vernaamheid en die rampspoedige gevolge van mag en besittings wat onregmatig bekom is. Ester leer ons om na Goddelike leiding in moeilike tye te soek; om gereed te wees om self te verloën en beslissend te praat namens diegene wat nie vir hulleself kan praat nie; en om die samewerking van medegelowiges op te soek.

'n Oproep tot besliste optrede

Wanneer die tyd aanbreek om te praat, durf ons nie swyg nie. Wanneer die tyd aanbreek om standpunt in te neem, moet ons nie bly sit nie. Wanneer die tyd aanbreek om op te tree, durf ons nie terugdeins nie. Ons moet gereed wees om vir die geloof te stry, om die "goeie stryd van die geloof te stry."

"Wie weet, miskien is dit juis met die oog op 'n tyd soos hierdie" dat jy tot die koninkryk geroep is? Waarom is jy in die koninkryk? Waarvoor roep God jou? ■

PETER HAMMOND *is 'n sendeling, Bybelleraar en outeur. Vir meer inligting, skakel: 021 689 4480; www.frontline.org.za; mission@frontline.org.za*

Ester leer ons om Goddelike leiding op te soek ten tye van moeilikhede; om gereed te wees om self te verloën en beslissend namens diegene te praat wat nie self kan praat nie.

Ester is 'n pragtige voorbeeld van 'n nederige, beskeie, moedige, lojale en standvastige vrou.



"For you were once darkness, but now you are light in the Lord.
Walk as children of light (for the fruit of the Spirit is in all goodness, righteousness, and truth), finding out what is acceptable to the Lord."
Ephesians 5:8-10

WORLD CHANGERS CAMP

"For our God is a consuming fire."
Hebrews 12:29

30 October - 1 November 2014
La Bri, Franschhoek
R380 Per Person
This includes:
The Camp, Accommodation & Meals,
The Reformation Day Celebration Service
and a Guided Tour of the
Huguenot Monument and Museum

Learn About:
Heroes of the Faith » South African History » Missions

"Let no one despise your youth,
but be an example to the believers in word,
in conduct, in love, in spirit, in faith, in purity."
1 Timothy 4:12

The Reformation Society
P.O. Box 74 Newlands 7725 Cape Town South Africa
Tel: (021) 689 4480 Fax: (021) 685 5884
email: info@reformationSA.org
www.reformationSA.org